

## Gereformeerde Kerk Bellville – 13 September 2015 – aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 103:8, 9 (p. 505)

- 8 Die mens – soos gras is al sy lewensdae, / 'n blom wat ons aanskou met welbehae,  
maar wat kortstondig is en baie teer. / Sodra die rukwind oor die veld gekom het,  
dan knak die steel wat lustig daar geblom het: / dis weg – sy staanplek ken hom selfs nie meer.
- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;  
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,  
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 99:1, 2 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;  
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!  
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Gebed

Skrifberyming 2-2:1, 3 (34:1, 3)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.
- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!  
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyf / dat Hy hom so gemaak het?  
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,  
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

**Skriflesing:** Romeine 9:1-29; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 15

**Kernvers:** Romeine 9:22-23

**En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid?**

(Romeine 9:22-23 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 1, Artikel 15**

*Verder toon die Heilige Skrif hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing baie duidelik aan en verkondig dit nadruklik aan ons. Dit betuig bowendien dat nie alle mense uitverkies is nie, maar dat sommige mense nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het besluit om hulle, na sy volkome vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die gemeenskaplike ellende te laat bly. Daarin het hulle hulleself deur hulle eie skuld gestort. God het immers besluit om nie aan hulle die saligmakende geloof en die genade van die bekering te gee nie. Om sy geregtigheid te openbaar, het God besluit om hierdie mense aan hulleself oor te laat, hulle*

*onder sy regverdige oordeel te laat bly en om hulle nie alleen oor hulle ongeloof nie maar ook oor al hulle ander sondes te veroordeel en ewig te straf. Dit is die besluit van die verwerping, wat God hoegenaamd nie tot bewerker van die sonde maak nie, want dit sou 'n godslasterlike gedagte wees; intendeel, dit sê juis dat God 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter is wat die sonde straf.*

**Tema:** Hoe God regverdig is deur net sommige mense uit te verkies en ander mense nie uit te verkies nie

Geliefde gemeente van Jesus Christus, vanaand kom ons in die reeks uit die Dordtse Leerreëls by 'n saak uit wat sommige mense stokstyf van die skrik maak en ander mense daar en dan opstandig word as hulle daarvan hoor. Dit is die onderwerp van verwerping. Of anders gesê: Daar is mense in hierdie wêreld wat God nie uitverkies het nie. Die mense wat opstandig word wanneer hulle hiervan hoor, sê vinnig: Sien jy hoe onregverdig is die Here? Hy verwerp sommige mense en gee nie eers aan hulle geloof of bekering nie. Watter kans het sulke mense dan om gered te word?

Miskien het hierdie soort vrae of opmerkings ook al by jou opgekom of miskien het jy met iemand te doen gekry wat so praat. In ons bestudering van die leer van die uitverkiesing het daar by 'n mens al rustigheid gekom. Die uitverkiesing, net soos die verlossing deur Jesus Christus, is 'n werk wat die Here alleen doen. En wanneer die Heilige Gees met die Woord die versekering in 'n mens laat groei dat jy ook een van die uitverkorenes is, kom daar saam met die rustigheid ook 'n troos. En jy wil die Here loof en dank oor hierdie onbegryplike liefde wat Hy ook vir jou wat dit in elk geval nie verdien nie, geskenk het.

Maar dan kom 'n mens by artikel 15 en ons bely dat die Here in die Bybel nie net van die uitverkiesing praat nie. In die Bybel sê Hy ook dat Hy sommige mense nie uitverkies het nie. Party mense voel dan van vooraf deurmekaar oor die uitverkiesing. En hulle begin wonder oor die Here en sy werk en hoe dit regverdig kan wees. Hoe kan dit regverdig wees as mense verlore gaan as hulle nooit die evangelie gehoor het nie omdat die evangelie nooit aan hulle gepreek is nie? Hoe kan dit regverdig wees as die Heilige Gees nie aan iemand geloof gee nie en daardie mens gaan verlore?

Broers, susters en kinders, kom ons begin eers met 'n illustrasie. Die Bybel bly tog ons enigste bron van kennis van die Here en van die mens. Mense wat wil sê dat die Here onregverdig is deurdat Hy nie aan alle mense geloof gee nie, het 'n verkeerde siening van die mens. Hulle gaan van die veronderstelling uit dat die mens iewers tussen die Here en die Satan op 'n neutrale plek staan en dat die mens self in sy wese neutraal is – nie goed nie maar ook nie sleg nie. Volgens hulle redenasie sou die Here dan 'n sekere aantal mense van daardie neutrale punt uitverkies en ander mense in die uitverkiesing oorgeslaan het. Indien hierdie argument korrek was, sou 'n mens kon verstaan dat hulle dink die Here is onregverdig.

Die Here openbaar vir ons die waarheid en dit lyk heeltemal anders as hierdie mense se voorstelling. Die mens het nog nooit op 'n neutrale plek gestaan nie en hy was in sy wese ook nog nooit neutraal nie. Wanneer die Here die eerste keer vir ons van die mens vertel, hoor ons dat Hy die mens geskep het by Hom. Die mens was in sy wil, verstand en hart volmaak.

Toe die Satan egter met sy slinkse praatjie gekom het, het die mens van die Here af weggeloop na die Satan se kant toe. Die mens het nie stadig maar seker 'n sondaar en 'n vyand van God geword nie. In 'n oomblik het hulle in die sonde geval en so vinnig soos

die spoed van lig na die Satan toe oorgehardloop. Dit is nie net Adam wat oorgeloop het na die Satan toe omdat hy nie sy vrou gekeer het nie. Dit is ook nie net Eva wat oorgeloop het omdat sy van die verbode vrug gepluk het nie. Adam het as hoof van die mensdom oorgeloop na die Satan toe. Daarom is hy, sy vrou en elkeen wat van hom afstam – en dit is die hele mensdom – van die oomblik van die sondeval in vyandskap met die Here.

Dus, in plaas daarvan dat die mens in die middel op 'n neutrale plek staan, soos sommige mense dink, is alle mense sonder enige uitsondering aan die kant van die Satan waar hulle ook in sonde ontvang en gebore word. Alle mense is ewe groot vyande van die Here en hulle is almal tot enige sonde in staat. Daarom bely ons in die heel eerste artikel dat God nie onregverdig sou wees indien Hy alle mense daar in hulle ellende sou los en uiteindelik sou veroordeel nie. Hy het hulle nie weggejaag nie. Hy het hulle nie in die arms van die Satan ingestamp nie. Hy het hulle volmaak geskape sodat hulle by Hom kon bly en lewe. Maar hulle het self besluit om na die Satan toe oor te loop.

In die ewigheid – nog voor die skepping van die hemel en die aarde – het God 'n sekere aantal mense in Christus uitverkies. En in die ewigheid het Hy Christus aangestel as Middelaar en Verlosser van hierdie uitverkorenes. En Hy het die uitverkorenes aan Christus gegee om te verlos. In die tyd lyf die Heilige Gees daardie uitverkorenes met die ware geloof in Christus in – ware geloof wat Hy deur die evangelie in hulle opgewek het. En met die evangelie van Christus lei die Heilige Gees die uitverkorenes uit die ryk van die duisternis terug na God toe. Geeneen van die uitverkorenes verdien om deur Christus verlos te word en deur die Heilige Gees uit die ryk van die duisternis uitgelei te word nie. Inteendeel, hulle verdien – net soos die wat nie uitverkies is nie – om vir ewig verdoem te word.

Kom ons luister nou hoe die Heilige Gees hierdie illustrasie vir ons oopmaak in Romeine 9. Die verlossing van mense is 'n werk wat die Here geheel en al alleen doen. In vers 15 word dit twee maal gesê en weer 'n keer twee maal in vers 18. Nou vra iemand wat tot dusver na Paulus geluister het: Waarom verwyt God die mens dan nog? Wie kan tog sy wil weerstaan? (Rom 9:19). Dit is dieselfde soort vrae wat ons nou al gehoor het: Is God billik om die mens verantwoordbaar aan Hom te hou as Hy die besluite alleen neem? Op hierdie vraag geen Paulus drie antwoorde wat almal te doen het met wie God is. Die mens se grootste probleem is eintlik nie om te verstaan waar die mens homself teenoor God bevind nie. Die mens vind dit moeilik om te begryp dat God regverdig is wanneer Hy net sommige mense uitverkies en ander nie uitverkies nie, omdat die mens 'n skeefgetrekte beeld het van wie God is.

In die drie antwoorde wat Paulus op daardie vraag in vers 19 gee, lei die Heilige Gees ons om God beter te leer ken. Ons gaan vanaand net by die tweede van hierdie antwoorde kan stilstaan. Maar ter wille van volledigheid kyk ons net eers vinnig na die ander twee antwoorde. In vers 20 en 21 leer ons dat God die reg het wat 'n pottebakker het oor die klei waarmee hy werk. Die klei kan nie met die pottebakker terugpraat nie. Net so kan die mens nie die Here tot verantwoording wil roep oor wat Hy doen nie. Dit is die eerste antwoord. Die derde antwoord vind ons in vers 24 tot 29. Vanuit die boeke Hosea en Jesaja wys Paulus daarop dat die Here al in die Ou Testament gesê het dat Hy sy genade gaan gee aan wie Hy wil. Dit is nou regtig net 'n baie vinnige kyk na die twee antwoorde.

Kom ons kyk nou in diepte na die tweede antwoord wat ons in vers 22 en 23 vind. In hierdie verse openbaar die Here Homself soos wat Hy is. Die Here bewys barmhartigheid aan wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil (Rom 9:18) en in albei gevalle stem hierdie optrede van die Here ten volle ooreen met sy regverdigheid. Wat die Here ook al doen, sy

dade is in volmaakte ooreenstemming met wie Hy is – die regverdige, heilige en barmhartige God. In ons kernverse wys die Here juis dit vir ons.

Vers 22 en 23 lê parallel met mekaar – daar is ooreenstemming tussen die twee verse. In albei die verse kry ons die werkwoord *bekendmaak*. In vers 22 sê Hy dat God sy wraak en mag aan die voorwerpe van toorn bekendmaak. En in vers 23 sê Hy dat God die rykdom van sy heerlijkheid aan die voorwerpe van barmhartigheid bekendmaak. Wat kan ons hieruit aflei? Dit: As God sy wraak en mag aan die ongelowiges bekendmaak, tree Hy reg op. En as God die rykdom van sy genade aan die gelowiges bekendmaak, tree Hy ook reg op. Daarom kan geen mens sê dat die Here anders optree as wat Hy is nie. Hy is mos barmhartig en Hy is mos heilig.

Afgesien van hierdie ooreenstemming tussen die twee verse, is daar drie betekenisvolle verskille wat ons moet raaksien om ons belydenis in artikel 15 te snap. Die eerste verskil merk ons in vers 22 op wanneer daar gesê word dat **God die voorwerpe van toorn met groot lankmoedigheid verdra het**. Die voorwerpe van toorn is die mense wat nie deur God uitverkies is nie. Die Here verdra hierdie mense met groot geduld.

Wat bedoel die Here? Daar is genoeg rede en die Here het alle reg om die ongelowige sondaars wat Hom nie wil gehoorsaam nie onmiddellik met sy oordeel en straf te tref. Een sonde is al genoeg rede dat die Here 'n mens kan veroordeel en vir ewig kan straf. Maar in plaas daarvan dat die Here dit doen, verdra Hy sulke mense met groot geduld. Ons mense sou lankal gesê het dit is nou genoeg, maar nie die Here nie. Hy is nie 'n mens wat impulsief kwaad word nie. Hy is geduldig. Die dag van oordeel is nog nie nou al nie, maar dit gaan nie vir altyd wegbly nie. Die dag van die Here se oordeel is beslis aan die kom. En die dag wanneer dit aanbreek, sal elkeen op die aarde weet dat dit nodig is dat God oordeel en straf. Daar sal geen twyfel wees dat God die ongelowiges moet straf nie.

In Faraó se geval was dit so. Die Here het hom toegelaat om hom na elke plaag wat oor Egipte gekom het nog meer teen die Here se gesag te verhard. En toe die Here hom en sy hele strydswaag in die see verdrink, het almal wat dit gesien het geweet die Here het reg opgetree. Dit is vandag nog dieselfde. Die Here is geduldig met elkeen wat hom teen die Here verset. Maar wanneer al die mense van al die eeue voor die regterstoel van Jesus Christus te staan kom, sal daar by niemand enige twyfel wees oor God se regverdigheid wanneer Hy die ongelowiges veroordeel en vir ewig straf nie. Hulle kry dan net wat hulle verdien.

Die tweede verskil merk ons in albei die verse op. Die uitverkorenes word in vers 23 omskryf as **die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlijkheid**. In Romeine 8 het die Here dit al vir ons duidelik gemaak dat Hy die uitverkorenes **vantevore** – dit is voor die skepping al – **verordineer het om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun**. In die ewigheid het God dus besluit om die mense wat Hy uitverkies het geloof te gee, en die Heilige Gees maak hulle heilig sodat hulle uiteindelik volmaak in die koninkryk van God kan wees. Hierdie besluit van God voer Hy uit en niks en niemand kan Hom daarin ondermyn nie.

Maar nou lees ons in vers 22 dat **die voorwerpe van toorn** – dit is die mense wat nie uitverkies is nie – **vir die verderf voorberei is**. Ons moet goed oplet dat hier nie staan dat God hulle vir die verderf voorberei het nie. God het nooit besluit om mense vir die ewige oordeel te skep nie. Hy het hulle nie laat sonde doen nie. Die mens het self van die Here af oorgeloop na die Satan toe. Die mens se oorloop na die Satan toe is die mens se eie voorbereiding vir sy ewige oordeel. Wanneer 'n mens daardie deel van vers 22 direk

vertaal, kan dit ook so lees: *Die voorwerpe van toorn is ten volle gekwalifiseer vir die vernietiging*. Deur hulle ongehoorsaamheid aan die Here en hulle volharding daarin, berei die ongelowiges hulleself vir die oordeel en ewige straf voor.

Die derde verskil merk ons op wanneer ons raaksien hoe die twee verse aan mekaar verbind is – met die voegwoord *sodat*. In vers 23 hoor ons hoekom God die ongelowiges met soveel geduld verdra terwyl hulle lankal die oordeel verdien. Hy hou uit met die ongelowiges, **juis om of sodat Hy die rykdom van sy heerlikheid aan die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid bekend maak**. Dit is teen die agtergrond van God se regverdige toorn oor die goddelose mense dat ons die grootheid van sy genade die duidelikste raaksien. 'n Mens bestudeer 'n diamant nie op 'n deurskynende glasblad nie, maar op 'n swart lap. So kom die skoonheid van die diamant beter na vore.

Wanneer die ware gelowiges hulleself sien teenoor die ongelowiges wat deur God veroordeel behoort te word, kom hulle agter hoe groot die Here se genade regtig oor hulle is. Hulle is as gelowiges geensins beter as die ongelowiges nie. Inteendeel, hulle het net sulke erge sondes in hulle lewe al begaan en verdien daarom om ook deur die Here veroordeel te word. Maar omdat Hy Homself wil verheerlik, het Hy hulle uitverkies om gelowiges van hulle te maak aan wie Hy uit genade die ewige lewe skenk. Uit genade skenk God aan die ware gelowige die verlossing in Christus alhoewel hulle verdien het om die ewige dood te sterf wat Christus in hulle plek gesterf het.

Op een ding moet ons baie goed let – ons het dit in die illustrasie gehoor en ons hoor dit ook hier in Romeine 9: Die Here het niks gedoen sodat die mens van Hom af moes oorloop na die Satan toe nie. Dit was die mens se eie keuse om eerder vir die slang te luister as vir die Skepper. En wanneer die Heilige Gees die uitverkorenes deur die geloof in Christus uit die ryk van die duisternis uitlei, druk die Here die ongelowiges nie dieper in die arms van die Satan in nie. Hy doen niks aan hulle nie. Hy laat hulle aan hulleself oor, en op die laaste dag sal Hy hulle veroordeel met hulle eie ongehoorsaamheid.

Ons kon meen dat die uitverkiesing van sommige sondaars aan die Here heerlikheid en eer toebring. En dit is so! Maar daarnaas sou ons kon dink dat die verwerping 'n groot skaduwee oor die Here se heerlikheid en eer werp. Maar dit is nie so nie. Selfs die verwerping van sommige sondaars verklein nie die Here se eer nie maar verhoog dit. Hoe kan dit wees? Wel, in die verkiesing van sommige sondaars toon die Here sy geregtigheid. Hy laat die sonde nie ongestraf nie maar straf dit aan sy Seun. Maar in die verwerping van sommige sondaars toon die Here ook sy geregtigheid. Wanneer Hy hulle uiteindelik veroordeel en straf, is Hy regverdig. Dit is weliswaar een vreeslike sy van sy geregtigheid, maar dit is sy geregtigheid.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:6, 7 (24:6, 7)

- 6 Gods werk, eers eind'loos hoog verhewe, / daal op 'n aarde<sup>en</sup> in sonde oud,  
sodat nou uit ons donker lewe / sy lof kan opstyg duisendvoud.  
In toebereide harte<sup>en</sup> ore, / van volk tot volk, van oord tot oord,  
ruis nou – 'n mensheid word herbore! – / die nuwe reddingsboodskap voort.

7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
13 September 2015